

Ken God se beloftes, en bid dan

Waarom gebeur dit dat die gebede van gelowiges baie maal onbeantwoord bly terwyl Elia, wat 'n mens was net soos ons, se gebed om reën so 'n kragtige uitwerking gehad het dat reën in antwoord op sy gebed weggebly of geval het? Skort daar dan iets met my geloof?

As ons verder na Elia se gebedslewe gaan kyk sien ons dat Elia se gebede ook nie altyd verhoor is nie. Kort nadat hy gebid het om reën het hy ook vir die Here gesê dat Hy sy lewe moet neem, en tog het dit nie gebeur nie (1 Kon. 19:4). Wat meer is, Elia is toe nooit eers dood nie!

Wanneer ons hierdie gebeure beter wil begryp, moet ons gaan kyk na die beloftes wat God aan sy volk gemaak het. God beveel sy volk dat hulle geen ander gode mag hê nie. As hulle sy voorskrifte nakom sal dit reën op die regte tyd. As hulle nie sy voorskrifte nakom nie, sal dit nie reën nie (Lev. 26:1-18). Presies dit het in Agab se tyd gebeur, voor en na Karmel (1 Kon. 16-19). Wanneer Elia dus bid om droogte en reën, dan bid hy in lyn met God se belofte. Wanneer hy bid om dood te gaan, bid hy nie in lyn met God se beloftes nie, en daarom beantwoord God nie Elia se gebed nie.

Die kragtige uitwerking van Elia se gebed het dus nie sy oorsprong in die krag van sy geloof nie, maar in die betroubaarheid van God se belofte. In die geloof het Elia aan daardie belofte vasgehou.

Wanneer ons in totale onderwerping aan Christus, in lyn met God se beloftes bid, sal God aan ons gee wat Hy belooft het. Die krag van gelowiges se gebede lê immers in God se betroubaarheid. Daarom moet ons Hom en sy beloftes ken sodat ons sinvol bid.

Bid volledig volgens God se belofte en wil en jy sal altyd kry wat jy vra.